# DIE PIKETBERGER

DIE PIKETBERGER KOERANT 1 ea

Jaargang 33 Nr. 4 piketberg.bergriviertourism.co.za Mei 2026 ☎ 022 913 1796

Alle korrespondensie aan diepiketberger@gmail.com

R5,00


## Janke Summa Cum MBChB



*Janke van Schalkwyk verwerf haar MBChB Summa Cum Laude.*
Foto: Houtandcostudios Elizmari Bezuidenhout

**Janke van Schalkwyk, oud-leerder van PHS en 2019-hoofdogter, het pas haar Mediese studies aan die Universiteit van Kaapstad (Ikeys), Summa Cum Laude geslaag.** Tans doen sy haar twee jaar internskap by die Robert Mangaliso Sobukwe hospitaal in Kimberley. Vir Janke, wat op 'n plaas buite Piketberg groot geword het, en vir haar ouers, Dirkie en Sanet, is die spreekwoord "it takes a village to raise a child", waar. Teenoor elkeen wat dwarsdeur haar skool– en sportloopbaan en tydens haar mediese studies, belang gestel, gemotiveer en liefde betoon het, is die gesin baie dankbaar. Janke moet na afloop van haar twee jaar internskap nog een jaar gemeenskapsdiens doen. En steeds is sy 'n kranige Netbalspeler.

*Summa Cum Laude: with distinction in the basic sciences and clinical sciences and the degree with first class honours.*

*Baie geluk, Janke –Red.*

### Piketberg se Koerant vir Piketberg se Mense

### Lees Binne


*Aimée 5-kamp kampioen...p2*
*Hennie en Nadine van Zyl trou...p4*
*Nicole Steyn se reg is Reg...p5*
*SSS-hoofde...p6*
*Dental se Nuwe Tandarts...p6*
*Ria Koerant verhuis...p8*
*Ses Kitshoff-sibbe...p8*
*Bergrivier Service Centre...p11*
*Magda le Roux...p16*
*Wenners van Dieresorglootjie...p18*
*Piketberg Fisioterapie Groei...p20*



AUTOTECH Est. 1991

Business Hours:
Mon - Thur: 08:00 - 17:00
Fri: 08:00 - 16:30
Closed during 13:00 - 14:00 daily
Sat/ Sun/ Public Holidays: Closed

Tel: 022 913 1939
(discontinued from 01 March 2026)
+27 73 248 3279
autotechpiketberg@gmail.com
37 Die Trek, Piketberg, WC


## Gelukkige Moedersdag 10 Mei 2026





DEEL VAN DIE GEMEENSKAP - IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP
SUPERSPAR BOLAND
•SINCE 1987•

Become a Member of our Promotional WhatsApp Group:



# Redaksioneel

**Well done, Well done!**
**Keep it up, Keep it up!**
AnnaMarie de Klerk, vir 50 jaar 'n sendeling in Malawi, en steeds betrokke by die Kix Kleuterskool in Malingunde, vertel my dat dit gebruik is om mekaar geluk te wens met die woorde: Well done, Well done! (Hande klap met elke woord), Keep it up, Keep it up! (Thumbs up twee keer). Wat kan ek meer sê vir Piketbergers wat oral waar hulle gaan, presteer, uitblink, straal, dinge maak werk en floreer. Hulle is op elke bladsy. Liefde, Marietha

## Aimée 5-kamp kampioen



**Aimée Swart** hou die titel van 5-kamp kampioen Dogters 16 ná haar pragvertoning by die ASA-byeenkoms in Germiston einde Maart. Sy blink uit in 90mH, Hoogspring, Gewigstoot, Verspring en 800m. In die baanitems behaal sy haar persoonlike beste tyd. Vra vir Aimée hoe ver, hoe hoog en hoe vinnig en sy aanvaar die uitdaging. PHS se Victrix Ludorum 2026 is 'n ware sport ambassadeur.



PIKETBERG BLOEDSKENK KLINIEKE 2026
11h00-16h00
Piketberg Sinagoge
Kerkstraat

**21 Mei, 18 Junie**

## Die Piketberger Redaksie

***Berigte, Uitleg en Proeflees: Marietha Goosen***
*☎ 022 913 1796; 083 654 3170*
***Admin en verspreiding: Marietha Goosen***
***Advertensies: diepiketberger@gmail.com***
***Rekeninge: Carla Visser***
***Volblad:*** *R580* ***Halfblad:*** *R410*
***Kwartblad:*** *R280* ***Agsteblad:*** *R200*



**Marietha Goosen**



**Carla Visser**

## Waar sien jy?








***In die volgende paar uitgawes gaan lesers die geleentheid kry om te bepaal, te raai of te weet waar hulle iets besonders sien of al gesien het. Neem deel deur die antwoord te whatsapp na 084 511 2886. Die Antwoord en die persoon wat reg was, sal in die volgende* Piketberger *verskyn. Die enigste wenk tot dusver is, dis in die dorp, Piketberg en dit dra by tot ons dorp se erfenis. Besoek gerus Piketberg Museum en Sinagoge se perseel vir 'n opbouende uitstappie.***

### Maaltyd se Maniere en Plesiere deur Anita

Kindertyd was Sondae-maaltye 'n ernstige okkasie. Kinders was gesien, nie gehoor nie. Tydens Oupa se lang tafelgebed beloer ons die kos. My broer, mal oor gebraaide aartappels, gryp een en prop dit in sy mond. Sy mond brand en met 'n gil spoeg hy dit oor die tafel op die bors van Tannie Bets, 'n baie statige tante. Chaos! Pa boender hom summier kamer toe. Wat op jou bord was, moes jy eet. Ma se raad: Eet eers waarvan jy nie hou nie, terwyl jy honger is, en dan waarvan jy hou. Ons maak planne. Jannie hou nie van ertjies nie, krap dit onder sy skorsie en help fluks met die afdek, reguit komposgat toe. Willie help graag, hy krap sy oorskiet vir die hoenders uit. Ouma vang hulle uit, sy is nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie. Daar's geen ding soos die tafel verlaat nie, jy wag tot die oudstes opstaan. Ons was gelukkig, want Oupa staan eerste op. Hoekom? Almal ouer as 16 kry 'n glasie Giripico-soetwyn. Oupa drink syne ná ete en sê: Dankie vir die heerlike ete, ek gaan rus. Julle kinders moenie te hard raas nie. Gelukkig slaap ek met my dowe-oor na bo. Dankie Oupa!

AGRISELL
the source of prime property

# Properties | Eiendomme

**Plase & Kommersiële Eiendomme**
Quinten Somers: 076 512 2215
Thys Basson: 083 448 1802

**Residensieel**
Chris-Fick van Niekerk: 083 293 9762
Sandra van Wyk: 082 531 1617

**Verhurings**
Sue-Maré de Vries: 084 654 2388
Yolanda Crous: 084 506 4288

**Te Koop** **R 3 400 000**



4 Slaapkamer Huis | 2 Badkamers | Woonstel
Piketberg
**Kontak Chris-Fick: 083 293 9762**

**Te Koop** **R 1 950 000**



3 Slaapkamer Huis | 2 Badkamers
Porterville
**Kontak Chris-Fick: 083 293 9762**

**Te Koop** **R9 000 000**



Kern- en Steenvrug Plaas | 34 Ha
Wolseley
**Kontak Quinten: 076 512 2215**

**Te Koop** **R5 200 000**



Stoorkamers | 904.60m²
Vervoersingel, Piketberg
**Kontak Quinten: 076 512 2215**

**Te Huur**



Stoorkamer | Piketberg
3m x 6m: R1400 p/m | 3,5m x 7m: R1700 p/m
**Kontak Yolanda: 084 506 4288**

**Verkoop deur Chris-Fick**



4 Slaapkamer Huis | 2 Badkamers | Woonstel
Piketberg

**022 300 0132 | info@agrisell.co.za | Kerkstraat 9, Piketberg**

# Bruilof by Goudkop



***Hennie van Zyl en Nadine Hamman is op 4 April 2026 by Goudkop Bush Camp in die huwelik bevestig.***




*Die bruidspaar en hulle gevolg: Erasmus Van Zyl, Helga Truter Van Zyl, Jan Van Zyl, Francisca Hamman, Hennie Van Zyl, Nadine Van Zyl, Wilhelm van der Merwe, Juanita Vermeulen, Danie Visser en Christelle Masuret.* Foto: Kudoux Fotografie

# Ontvangs by Dental




*Een van Bergrivier Dental se ontvangsdames, Melissa van der Westhuizen, voltooi in April 'n kursus oor Kliëntehantering, aangebied deur Dave Ferguson van Praktika. Melissa leer oa meer oor haar rol in die werksplek en wat effektiewe kommunikasie beteken.*








# Reg is Reg vir Nicole

***Nicole Steyn, oud-leerder van PHS, behaal LLB Regte aan die Noord-Wes Universiteit van Potchefstroom. Sy doen tans haar klerkskap by 'n Regsfirma in Worcester.***

## Bergrivier Dental: Dr Smalberger Studeer

***Dr Saskia Smalberger voltooi haar nagraadse diploma in Interceptive Orthodontic. Haar kennis in die veld is voordelig vir die praktyk en vir elke pasiënt wat Bergrivier Dental besoek.***
***By dr Smalberger is haar ouers, Madelein en Manie.***







Kyla van Heerden
**Biokineticist**

Biokinetics is a specialized healthcare profession that focuses on using exercise and physical activity to prevent and manage various medical conditions and injuries. Biokineticists are trained professionals who assess, prescribe, and supervise exercise programs tailored to individual needs.

# BIOKINETIC SERVICES

- **Postural Analysis**
- **Assessment, Evaluation and Exercise Prescription**
- **Orthopaedic Rehabilitation**
- **Chronic Disease Management**
- **Pain Management**
- **Functional Fitness**
- **Sports Performance Enhancement**
- **Corporate Wellness**
- **Home visits**
- **Discovery Vitality Fitness Assessment**



## CONTACT

**Hoofst 24, Piketberg**
**kylavanheerden.bio@gmail.com**
**082 857 4117**
**www.kineticvitalityhealth.co.za**

## SSS groet Mnr Frans




Die personeel, leerders en ouers het einde Maart 2026 afskeid geneem van Mnr Frans, ’n besondere opvoeder en prinsipaal wat vir 40 jaar lank sy lewe gewy het aan die vorming van jongmense en die bou van ’n beter toekoms. Sy loopbaan het tot ’n einde gekom, maar sy nalatenskap sal vir altyd voortleef in die harte en gedagtes van almal wat aangeraak is. Meneer Frans het nie net kennis oorgedra nie, maar waardes gevestig, dissipline gekweek en hoop gebring waar dit nodig was. As prinsipaal het hy met wysheid, integriteit en toewyding leiding gegee, en het ’n skoolkultuur geskep waar respek, harde werk en omgee sentraal staan. Vir baie was hy meer as net ’n opvoeder – hy was ’n mentor, ’n inspirasie en ’n rolmodel. Vir sy vak, Engels, is hy baie lief. Die impak wat hy gemaak het, leef voort in elke leerder en kollega. Sy nalatenskap as prinsipaal sal vir altyd onthou word in die tasbare verskil wat hy in ons skoolgemeenskap gemaak het. Onder sy leiding is ’n voedingskema gevestig wat verseker dat leerders elke dag ’n maaltyd ontvang, iets wat nie net hul konsentrasie verbeter nie, maar ook hul waardigheid herstel. Hy het daarin geslaag dat ouers nie deur skoolfooie oorweldig word nie. Dit het verligting vir baie gesinne gebring. Deur die beskikbaarstelling van leerdervervoer het hy toegang tot onderwys vir meer kinders moontlik gemaak. Sy visie het verder gestrek soos ‘n ooreenkoms met AFGRI vir ’n groentetuin en die insluiting van wiskunde-tutors om akademiese prestasie te verbeter. Hy vestig ’n sterk leerkultuur, een van toewyding, dissipline en strewe na uitnemendheid. Hiervoor ‘n opregte dankie. Mag hierdie nuwe hoofstuk gevul wees met rus, vreugde en die geleentheid om die vrugte van u harde werk te geniet.
U verdien dit.
Dankie vir 40 jaar van onbaatsugtige diens, passie en toewyding. Mag u pad vorentoe net so geseënd wees soos die pad wat u agterlaat.Tot siens en baie seën vir die toekoms.

## Welkom by SSS, Mev Ruiter



Onderwys is in **Rose Ruiter** se bloed. Dis haar passie om jongmense te help vorm en om agter die ‘why’ in hulle lewens en gedrag te kom, aangesien die ‘who, what en where’ soms die enigste maatstaf is. **Mevrou Ruiter is sedert April 2026 aangewys as Kurator Prinsipaal van SSS.** Haar onderwysloopbaan strek oor die afgelope 34 jaar, eers met ‘n 4-jaar BA en HOD by UWK, daarna ‘n Gevorderde Onderwys Sertifikaat, gevolg deur B Ed in Onderwysbestuur. Sy gee onderwys by Weston in Vredenburg, is Vakadviseur in die Distrik, gee onderwys by Hoërskool Hopefield, word adjunkhoof by Louwville, beklee die hoofpos by Vredendal Sekondêr, word aangestel as kurator prinsipaal by St Andrews in Saldanha en in 2022 in dieselfde pos met die opening van Hoërskool Moorreesburg, ‘n splinternuwe skool met al die uitdagings van nuwe personeel, ‘n nuwe kurrikulum en die bestel van handboeke. Hierdie besige vrou se manier om te herlaai, is om suurdeegbrood te bak, kruisiesteek te doen en ou meubels te verf.
*Om Rose Ruiter te ontmoet, is ‘n voorreg. –Red.*

## Nuwe bloed in Bergrivier Dental




***Bergrivier Dental verwelkom hul nuwe tandarts, Dr Minanca Basson, links, en haar stoelassistent, Eventia Cloete, regs. Dr Basson kwalifiseer aan die Universiteit van die Wes-Kaap, waarna sy haar gemeenskapsjaar in die Wits Oral Health hospitaal in Johannesburg voltooi. Dr Basson is ‘n boorling van die Paarl en matrikuleer aan die Hoër Meisieskool La Rochelle. Eventia is ‘n boorling van VanRhynsdorp en kwalifiseer by CPUT.***


EST. 1994
TRADERS
WAREHOUSE
PIKETBERG
UPPER LEVEL SHOP 22 - BOLAND SPAR CENTRE, 54 LONG STREET
LADIES PTD DRESS
99.99
LADIES BOOTS
259.99
LADIES FLEECE JACKET
189.99
LADIES RIB POLONECKS
59.99
LADIES ASSTD JEANS
R60
LADIES THICK SCARVES FROM
49.99
LADIES ASSTD KNITWEAR
69.99
LADIES PLAIN POCKET TEE
19.99
Our May Gift to You!
LADIES HOODED HUGGLE
159.99
PRE-GIRLS FLEECE PJ SET
109.99
LADIES SLIPPERS FROM
99.99
PRE-GIRLS NOVELTY SLIPPERS
79.99
PayJustNow
sassa
Find us on: facebook
LADIES PJ SETS FROM
149.99
LADIES ASSTD GOWNS FROM
169.99
PRE-GIRLS ASSTD GOWNS FROM
109.99
PRE-GIRLS FLEECE PJ SET
69.99
CELEBRATING ALL MOMS THIS
MOTHERS DAY - SUNDAY 10 MAY

## Ria Koerant Groet Piketberg

**- berig deur Leana van Niekerk**



Tannie **Ria van der Westhuizen** is 'n naam wat almal ken, 'n naam eie aan Piketberg, vir die afgelpe 58 jaar. In haar jonger dae bied sy noodhulpklasse aan en werk in Voortrekkerstraat se spreekkamers. Tot en met haar vertrek middel April 2026, was tannie Ria 'n koerant- en tydskrif afleweraar vir jare. Die blou CBY 1544-karretjie het jy voor hanekraai in Piketberg se strate sien beweeg, besig om almal se gunsteling leesstof af te lewer. As jy oor tannie Ria se ouderdom wonder, sal jy waarskynlik by die sewentigs raai, maar nee, sy is gebore op 27 Oktober 1938. Dié tannie is aan die gang. Op 88 maak sy self huis skoon en tot onlangs het sy self in haar tuin gewerk tot die knie nie meer wou saamwerk en die bukkery te moeilik raak. Tannie Ria het tot onlangs 'n munisipale stalletjie beman, motorhuis nr 5 in Langstraat. Hier het sy ingelegde vrugte, konfyt en plaatkoek verkoop. Hoe doen tannie Ria dit? Dis 'n kopskuif. Besig bly hou jou jonk. Tannie Ria het op 11 April 2026 verhuis na haar jongste seun, Gerhard, in Orania, waar hy vir haar 'n kleiner, méér praktiese huis op sy erf laat bou het. Hoe pak mens 'n hele lewe in 'n tas? Dit is met swarigheid en baie trane wat tannie Ria hierdie hoofstuk in haar lewe aanpak. Wat lê voor? Mens weet nie, as jy nie die eerste tree gee nie, sal jy nooit uitvind nie. Sy maak seker sy vat 'n paar plante saam en het betyds 'n paar potte gevul om sterk te wees vir die lang pad. Tannie Ria se vier kinders wens almal vir hulle ma 'n rustiger lewe in Orania, maar werk loop sterk in tannie Ria se are. In Orania word twee tydskrifte verkoop, het sy reeds uitgevind. Sy soek darem haar leesdingetjie soggens. En sy dink al klaar in die rigting van 'n eie gemeenskapskoerantjie vir Orania. Niks is onmoontlik nie. Mens verplant nie 'n ou boom nie, maar gelukkig is ons mense en mense is aanpasbaar. Tannie Ria is gebore in Fraserburg, was getroud met 'n lieflike man van die Spoorweë, maak drie kinders groot , verhuis na Piketberg waar haar laatlamseun, Gerhard, gebore is, ag jaar na die ander. Die huis waaruit sy getrek het, het hulle 30 jaar gelede gekoop. Tannie Ria gaan nog kom kuier by haar dogter in die Paarl en by haar seun wat in Darling, om weer die Wes-Kaapse lug in te asem. Hoe groet 'n mens? In tannie Ria se eie woorde: "Baie dankie vir almal se jarelange ondersteuning, liefde, omgee en gesels. Ek groet julle. Ek gaan julle mis en nog baie trane stort, maar vergeet, sal ek julle nie. Dankie en tot siens." Namens ons Piketbergers sê ek dankie vir tannie Ria, vir Tannie se jarelange diens tsv vroeë en soms donker en koue opstaandae, met seer knie en al, met 'n glimlag. Ons salueer Tannie en ons glo en bid vir goedheid en guns, 'n maklike aanpassing en genotvolle verblyf in Orania. Ons seënwense vergesel Tannie.



## Bergrivier Dental Vier Een jaar... in Nuwe Praktyk




***Bergrivier Dental bedank elke getroue en lojale pasiënt wat die oorgang na die nuwe praktyk met opgewondenheid ondersteun het. Dankie aan elke nuwe pasiënt wat by die praktyk aangesluit het, jul ondersteuning word waardeer. Dankie aan almal vir hulle vertroue in (vlnr) Drs Müller, Truter en Smalberger en die personeel. Met die nuwe praktyk, glo ons dat die besoek aan jou tandarts 'n rustiger atmosfeer skep en dat ons voortaan nóg sal groei. Bergrivier Dental is opreg dankbaar. Op 'n persoonlike vlak is die vreugde groot: Dr Müller het 'n babadogter ryker geword, dr Truter is vir die eerste keer oupa van 'n kleinseun en dr Smalberger is getroud met Jandré Hugo.***

## Ses Kitshoffs Saam na 11jaar



***Van oud na jonk is die Kitshoff sibbe: Koekie Burger, Anna Kleingeld, Petrus Kitshoff, Hermien Bradshaw, Esmariena Lambrechts en Seuna Kitshoff, wat ná 11 jaar almal saam kuier by hulle ouerhuis te Hoofstraat 40, Piketberg, vir die viering van Petrus se verjaarsdag.***


BIERMAN GROUP
OPTOMETRISTS
www.biermangroup.co.za
2 FOR 1
PROMOTION
Get a free pair of prescription sunglasses.
When you test your eyes and have specs made. T's & C's apply
Malmesbury
+27 22 482 4454
Prima Centre
Voortrekker Rd
Piketberg
+27 22 913 1349
Piquetberg mall
54 Long St
Langebaan
+27 22 772 0393
The Laguna Mall
Laguna St
Vredenburg
+27 22 719 1165
Weskus Mall
Saldanha Rd




## Florerende gemeenskappe - Dorpe van Hoop Aflewering 5

### Die Kuns van Gemeenskaplike Selfhelpsaamheid

Oor die afgelope vier maande het die besef van Professor Johan Fourie, hoof van LEAP (Laboratory for the Economics of Africa's Past) dalk by jou begin resoneer:

***"If we learn anything from history, it is that the future is likely to be better. But it requires us to wish it so."***

Die vier skrywes die afgelope paar maande in *Die Piketberger* het gehandel oor **oorweldiging**, die gevoel dat die wêreld te vinnig verander, die probleme te groot is, en die ou kennis nie meer gepas is nie. Tweedens die begrip **Ubuntu**, die besef dat ek nie alleen kan floreer terwyl my buurman sukkel nie. Ook die begrip **kennismakelary**, die kuns om te weet wie weet wat, en om dié mense met mekaar te verbind. Verlede maand het ons gepraat oor **gemeenskapsaksie**, die oomblik waarop 'n gemeenskap besluit om nie langer die geskiedenis se voorwerp te wees nie, maar sy skrywer, die toekoms as 'n werkwoord.

***Hoekom is dit nodig om kennis te neem van dit alles en onsself daarmee moeg te maak***?

**'n Woord wat dit Opsom**

In Afrikaans het ons 'n pragtige woord: selfhelp. Dit dra dikwels 'n verkeerde betekenis, die idee dat jy alleen, sonder hulp, jou eie probleme moet oplos. Die individualis se mantra. Wat ek in hierdie reeks beskryf, is iets anders. Iets wat ons eie is, nie geleen uit 'n bestuurshandboek nie, nie ingevoer van buite nie. Dit is die vermoë van 'n gemeenskap om, vanuit sy eie kennis, sy eie netwerke, en sy eie wil, sy eie toekoms te bou. Die woord **selfhelpsaamheid - `n woord wat ek ontdek in die NRC Handelsblad van Nederland** en `n Afrikaanse woord vir die term "agency", is die woord wat gemeenskaplike selfhelp goed opsom. Dit impliseer nie afhanklikheid van 'n buite-instansie of -mense wat kom red nie. Nie alleen aansukkel nie. Maar 'n gemeenskap wat saam 'n sisteem en institusies bou, met dit wat reeds hier is. 'n Gemeenskap wat die toekoms sien as die enigste plek in tyd, waarop ons invloed kan uitoefen.

***Selfhelpsaamheid is wysheid wat `n voorkeur toekoms kan help skep.***

**Die Vier Bene van Selfhelpsaamheid:**

V**erbeelding**: Die vermoë om 'n toekoms te sien wat nog nie bestaan nie, en te glo dat jou gemeenskap 'n rol daarin kan speel. Sonder verbeelding word oorweldiging 'n permanente toestand.

**Verhoudings**: Ubuntu in aksie as sosiale kohesie. Geen gemeenskap kan sterk wees as die mense in die gemeenskap nie mekaar ken, vertrou en dra nie. Verhoudings oor ras-, klas-, en sektorgrense heen is nie lekker-om-te-hê nie, dit is struktureel noodsaaklik.

**Verbinding**: Kennismakelary as daaglikse praktyk. Wie weet wat. Stel mense aan mekaar voor. Maak die netwerke lewend.

**Wil**: Die besluit om nie te wag vir 'n held wat van buite af kom nie. Om die infrastruktuur wat reeds bestaan te gebruik. Om die eerste stap te neem, al is dit klein.

**Die Uitdaging**

Selfhelpsaamheid begin nie met 'n groot plan of omvangryke planne nie. Dit begin met eerlikheid oor wat ons as 'n gemeenskap kan doen, waar ons is en wat ons het — en die besluit om van dáár af vorentoe te stap, met die geskiedenis as die verlede met implikasies in die hede, maar die toekoms as 'n geleentheid wat ons vandag begin skep.

***"'n Gemeenskap se kollektiewe bewussyn, hetsy positief of negatief, skep onbewustelik 'n toekoms."***

**Vir Besinning**

**Watter** van die vier bene — **verbeelding** en `n positiewe toekomsverwagting, **verhoudings** en die ingesteldheid om sosiale kohesie tussen gemeenskappe te skep, die begrip oor die **verbindings** tussen verskillende organisasies wat betrokke is in Piketberg, en laastens, die **wil** om iets te doen — is in jou eie lewe die swakste op die oomblik?
**Watter** instansies in Piketberg doen iets betekenisvol? Hoe kan ons institusies ontwikkel wat die instansies koördineer en ondersteun?
**Hoe** lyk jou voorkeur toekoms vir Piketberg?

Deidré Eigelaar | Germinate | deidre@germinate.co.za |
082 772 2627 | www.germinate.co.za

*Hierdie artikel is die tweede laaste aflewering in die siklus van die "Dorpe van Hoop" reeks oor Kollektiewe Toekomsmaking.*

## Pinkster 2026 NG Kerk Piketberg

**17 Mei, 24 Mei: Pinkster 9:30vm**
**18-21 Mei: Pinkster 7nm**
**Tema: Ontwrig Verdeeldheid**





**18-21 Mei: Kinderpinkster 7nm**
**Tema: Karoolus en Lente — Jesus is...**

VR VAN ROUX Creative
Embroidery Studio
Apparel & Headwear



Custom Embroidery, Apparel & Headwear
We offer high-quality embroidery and supply the clothing - making it easy for you!

Contact: Santie Le Roux
083 278 3531 | vanrouxcreative@gmail.com




## Bergrivier Service Centre



*Nicol van den Heever en Pietman Burger, boorlinge van Piketberg, begin 'n nuwe besigheid in Piketberg, waar alle voertuie gediens kan word: van motors tot trokkies. Dit is vir hulle 'n voorreg om plaaslik so 'n diens te kan lewer. Nicol is 'n Rooiseël Dieselwerktuigkundige met 6 jaar ervaring in verskillende handelsname en swaarvoertuie. Pietman is betrokke by die algemene bestuur en bemarking. Hulle beoog om betroubare en eerlike diens te lewer. Mense is welkom om 'n draai te maak by Voortrekkerstraat 49A en meer uit te vind wat hulle bied. Ons verstaan hoe belangrik jou voertuig vir jou is. Daarom bied ons vinnige kwaliteit werk waarop jy kan staat maak.*




## VLV Leefstyl Werkswinkel



Op 25 Maart 2026 bied Piketberg VLV 'n Leefstyl werkswinkel by Kaap Agri se Molsaal aan. Uit 13 takke in Sirkel Weskus woon 64 dames die werkswinkel by. Hier word die nuutste Leefstyl kompetisiewenke vir naaldwerk en gebak vir 2027 deurgegee deur Nellie Costerus en Annerie MacDonald. Patrone vir die kompetisie-artikels en resepte word uitgedeel. Die Molsaal is verfraai met ou Singer naaimasjiene, patrone, wol en breinaalde om dit interessant en leersaam te maak.






*Of jy nou by die huis of by die werk is, ons sal na jou toe kom! Ons sal jou voertuig optel, diens en dit vir jou terug bring!*

MMU GROUP



*Jaco Rossouw*
*sales2@mmucitrusdal.co.za*
*082 469 0229*

*Cameron Vlotman*
*sales3@mmucitrusdal.co.za*
*081 805 6823*



## Wat ons bied:

• Nuwe Ford en Gebruikte voertuie (Autohaus Beyers) – kwaliteit, werkverrigting en gemoedsrus
• Gesertifiseerde Diens en Herstelwerk – fabrieksopgeleide tegnici wat egte Ford-onderdele gebruik
• Onderdele en Toebehore – hou jou Ford optimaal
• Vloot- en Kommersiële Oplossings – op maat gemaak vir besigheidsbehoeftes
• Inruilings en Waardasies – billik, deursigtig en moeitevry


## Buigsame Finansiële Pakkette:

• Mededingende voertuig finansierings opsies wat by jou begroting pas
• Onderhoudsplanne en verlengde waarborge vir sorgvrye eienaarskap
• Besigheids- en vlootfinansiering op maat gemaak vir jou bedryf
• Deursigtige goedkeurings met vertroude finansieringsvennote

# RANGER WILDTRAK




- New 2.3l Turbocharged Petrol added
- 3.0l V6 Turbo Diesel
- Matrix Headlamps
- Sleek modern black finishes



READY
SET
Ford

# DYNAMITE COMES IN BIG PACKAGES


# NEW RANGER SPORT

- New 2.3l Turbocharged Petrol
- 3.0l V6 Turbo Diesel
- 360 - Degree camera



# Piketberg Museum

MEI 2026







**Uittreksels uit Prof. P.J. Nienaber se artikel in *Die Burger* van 19 Julie 1995 – Petrus vertel hoe hy boeke gered het.**

Jare gelede het ek besluit om die geskiedenis van die Afrikaanse letterkunde voor 1900 te skrywe saam met my broer Gawie. Ek kon egter nie aan die skrywe kom nie, want die ou Afrikaanse boeke was nêrens te vind nie. Die biblioteke het hier en daar 'n verdwaalde eksemplaar van enkele van die Afrikaanse boeke voor 1900 gehad. Ek was verskrik. Wat het dan van die boeke geword? Toe ek en Gawie ons nood by dr. F.C.L. Bosman van Kaapstad bekla, sê hy: "Maar waarom soek julle nie na die boeke in die solders van die Bolandse huise nie? Kom ons ry môre Daljosafat toe." Daardie dag het daar vir my 'n lig opgegaan oor die waarde en betekenis van ons solders. Daardie dag in Daljosafat het ek ou boeke begin versamel.

In die Paarl klim ons op 'n warm dag met die leer na die solder van Nico Retief. Daar kry ons *Die Afrikaanse Almanak* van 1879, eksemplare van *Ons Klyntji, Die Fergelykende Taalkunde van 1897, Di Openbaring van Jesus Christus, Di Psalms* en vele ander seldsame boeke.

Freddie het sonder verlof deur ons stapel gesnuffel en skielik ruk hy sy asem in en staar met verglaasde oë na die geel stukkie papier. "Dis iets kosbaars hê?" en hy wys na die verslag van *Die Eerste Afrikaanse Taalkongres van 1896*. Om die waarheid te sê, dit was op daardie oomblik dat ek die versamelkoors gekry het. Freddie het my aangesteek. Ek het na my broer gekyk en ook in sy oë was die koorsgloed. Van toe af sou ons altyd aan boekmalaria ly. Dis 'n siekte waarvan mens nooit genees nie. Ek het geleer dat jy nie boeke moet soek by mense by wie jy dit verwag nie, soos politici, onderwysers en mense wat van 'n verhoog af praat van ons taaltjie nie. Nee, jy moet na ons arm Afrikaners toe gaan. In hul huise het ek van die kosbaarste skatte opgediep. Toe laai ek my vrou en kinders by my skoonpa af en ek en Gawie werk vir ons 'n reisplan uit. Al die predikante op die verskillende dorpe in die Kaap het geweet ons kom. Hulle het ons goed behandel en van goeie adresse voorsien. Soos smouse het ons dan die prooi genader. My broer was glad van tong en nie so stadig van beweging soos ek nie. Daarom het hy die praatwerk gedoen.

Op Worcester het ons by twee oujongnooiens gekom. Hulle was uitermate vriendelik. Of hulle ou boeke het? "Ja, maar dit is in ons slaapkamer." Toe my broer voorstel dat ons gaan kyk, het hulle gegil: "Jong mans in ons kamer!!" Dit het mooipraat en baie verduideliking gekos om hulle te oortuig dat ons onskadelik is. 'n Kompromie is bereik, hulle sal die boeke self gaan haal. Daar was mooi boeke. Die koors het my weer beetgepak - my are was rooi en my vet wange aan die brand. "Dames, ons sal graag die boeke wil koop," het ek losgebars. "U kan die boeke wat u kan gebruik met die grootste plesier kry, maar daar is darem 'n voorwaarde aan verbonde – indien u aan die regte politieke party behoort."

"Maar natuurlik behoort ons aan die regte politieke party, dames." Met stralende gesigte roep hulle uit: "Vat die boeke, menere, vat die boeke. Dit is vir ons 'n voorreg om iets vir die volk te doen." Toe ons 'n ent van die huis af weg was, vra ek hom: "Wat is die regte politieke party, Gawie?"

"Ek weet nie." Die dominee het later bevestig: "Julle behoort aan die verkeerde party."

Die middag laat het ons op die naburige dorpie aangekom. Ons is direk na die predikant toe. Hy was 'n vriendelike man en baie onderdanig aan sy vrou.



Met die dominee se verlof het ons in sy boekrak begin rondsnuffel. Daar was net een boekie van S.J. du Toit waarin ons belang gestel het: *De Huiskerk*. Die dominee het gesê ons kan dit maar kry.

Mevrou Dominee het ingekom met die koffie en haar oog val op die boekie. "Darling, wat gaan hier aan?" vra sy met 'n streng blik in Darling se rigting. "Dis sommer 'n ou boekie wat ek vir die vriende gegee het, Skattie."

"Darling, dis mos 'n godsdienstige boekie wat Herbert op Stellenbosch kan gebruik in die kweekskool?"

"Nee, hy kan nie, die boekie is verouderd, Skattie." "Ja, hy kan. Dié boekie gaan nie uit dié huis uit nie." "Skattie, ek het dit klaar vir die vriende gee." " Darling, ek sê nee!" "Ek sal vir Herbert 'n moderne boek gee." "Darling, ek sê vir jou, dié boek bly hier. Verstaan?" Om 'n einde aan die drama te maak, het ons gesê dat die boek nie eintlik vir ons van waarde is nie en die boek is nie uit mevrou Dominee se huis nie.

Op 'n ander plek het die ou oom ons vertel van boeke en tydskrifte wat hy gehad het, maar toe hy eenkeer van die huis af was, het sy tweede vrou alles op 'n hoop laat dra en verbrand. Dié verbrande storie kom 'n mens dikwels teë. Gewoonlik was jy net te laat om reddingswerk te verrig.

Van Der Westhuizen Oogkundige

# Visie & Oog Sorg



**Dienste sluit in:**

- Kinder Oog Sorg
- Volledige Ondersoeke / Verskeie Bril opsies
- Infeksie beheer / Foreign Body Removal
- Kontaklense & Oplossings
- Pakket Opsies / Lay-Buy beskikbaar

**022 913 1747**

**022 921 2024**

Besoek ons Webtuiste:

**VDWOptometris.co.za**



**Services Include:**

- Specialised Kinesiology - Finding the root cause / Remove stress
- Working on ALL levels: Mental / Emotional / Physical / Spiritual
- Different Modalities for different issues
- Willow Natural Supplements
- Nirmana Vibrational Remedies

WILLOW
The Wellness Specialists

# Holistic Natural Non-Invasive

Visit: **WellnessOnline.co.za**

CREATING HEALTH FROM WITHIN

NIRMANA WELLNESS

## Magda le Roux

**9 Februarie 1948 — 15 April 2026**



Ons almal weet wie Magda was. Ons almal voel.

**Sy is Magda** 'n Vrou op wie almal kon staatmaak – altyd bereid om ander te help. 'n Oop hand en 'n oop hart. Sy het jou raakgesien. 'n Vrou wat nie groot gebare nodig gehad het nie. Magda was 'n geliefde teenwoordigheid – iemand wat mense gesien het, gehoor het, en laat voel het ons behoort.

Sy het 'n stille, diepgaande verskil gemaak sonder om ooit erkenning te verwag. Sy het die belangrikheid van gemeenskapsdiens, omgee en onselfsugtigheid geken en dit met oorgawe uitgeleef. Haar plekkie in die gemeenskap sal vir nog baie lank onthou word.

**Sy is Mens** Besonders, opreg en vol deernis. Sy het jou pyn hare gemaak, dit toegevou in haar hart en vir jou gebid. Jou getroos. Uiteindelik gaan die lewe nie oor wat ons besit nie, maar oor wat ons vir ander beteken. Die liefde wat ons gee. Dit is hoe mamma geleef het. Sy het nie net gepraat oor omgee nie – haar dade het daarvan getuig. Haar oop hart. Hoe sy ons laat voel het – geliefd, veilig en belangrik.

**Sy is Mamma** Sy was ons veilige plek. In haar liefde was daar vir ons rus, en in haar arms was daar altyd plek vir ons. Sy het ons geleer van alles wat goed en opreg is. Sy het ons geleer dat elke besluit gevolge het. Dat selfs die kleinste keuses saak maak. Maar sy het ons ook gewys dat selfs wanneer ons foute maak of die pad kies met die meeste hartseer, ons nooit alleen is nie. 'n Ma wat op ons trots was, ons verstaan het – wat ons talente ontgin het.

**Sy is Oudstetjie** Standvastig – 'n stil, onwrikbare krag langs Japie. In 'n lewe vol onsekerheid, lang nagte en swaar verantwoordelikheid, het sy nie gewankel nie. Terwyl pappa die wêreld buite in die gesig gestaar het, het sy die wêreld binne veilig en warm gehou. Sy het verstaan wat dit beteken om te wag… om nie altyd te weet nie… om stil te bid wanneer woorde te min is. Sy het die swaar saam met pappa gedra, al het niemand dit gesien nie. Sy was lojaal, sterk en diep liefdevol – 'n hand wat vashou, 'n sagte woord, 'n huis wat altyd 'n plek van rus was. Sy was Pappa se anker in storms, sy rusplek ná lang dae, en sy vaste grond wanneer alles anders onseker was.

En bo alles… sy was syne – met 'n liefde wat stil, sterk en vir altyd is. Pragtige Japie se Oudstetjie.

Wat 'n voorreg was dit vir ons om saam met mamma te kon wees, haar hand te kon vashou terwyl sy hierdie wêreld verlaat. Om vir haar weer alles te kon sê wat ons wou. Ons het daardie geleentheid gehad. Dankbaarheid daarvoor vul ons harte. Dit het ons net weer laat besef dat dit nie vir almal beskore is nie. Alles verander konstant, niks bly dieselfde nie. Praat die prate, doen die dade, gee die drukkies, help waar jy kan – ons lewe is nie ons eie nie. Dit is tot diens van ander.

Ons praat van rus in vrede. Dit is nou die tyd vir haar lig om onbelemmerd en onvoorwaardelik te skyn.

Geen hindernisse. Geen versperrings. Haar lig is vry en helder. Al wat ons moet doen is om stil te raak en dit in ons siel te ontvang.

*Endriëtte le Roux Smith (Oudste Dogter)

# Van die bank af…

**Deur Linda Sterkenburg**



### Maatstaf van Ma-wees

Die idee van 'n perfekte ma is 'n sosiale konstruksie wat dikwels deur sosiale media gevoed word en gelei het tot soveel skulgevoelens by mammas wat al op die bank oorkant my gesit het. Perfeksie is egter staties en onbereikbaar; dit laat nie ruimte vir menslikheid nie. Dis dikwels net 'n enkele foto met glimlagte en filters, sonder die realiteit van min slaap en hoofpyn om al die balle daagliks in die lug te hou. Hierdie moedersdag wil ek uitlig dat die strewe na perfeksie dikwels lei tot onnodige angs en skuldgevoelens, wat nie net die las op 'n mamma se skouers kan vererger nie, maar juis ook die band tussen ma en kind kan bemoeilik. Mag elke mamma daar buite die volgende onthou:

**1. Die "Goed-Genoeg" Ma-begrip**

Gebaseer op die teorie van Donald Winnicott, 'n baanbreker pediater en psigoanalis, is dit belangrik om te beklemtoon dat kinders nie perfeksie nodig het nie, maar 'n ma wat emosioneel beskikbaar is. Iemand wat haar beste gee om daar te wees vir haar kind, maar ook kan erken dat haar 'beste' nie elke dag dieselfde kan lyk nie. 'n "Goed-Genoeg" ma kan erken sy maak foute, maar sy herstel die verhouding daarna. Foute en seerkry is onvermydelik, maar dit is die herstel wat belangrik is. Hierdie klein "mislukkings" leer kinders juis van veerkragtigheid en die werklikheid van die lewe. Kinders het nie perfekte mammas nodig nie, want hulle gaan nie in 'n perfekte wêreld grootword nie.

**2. Selfsorg as voorwaarde, nie 'n luukse nie**

'n Ma kan nie uit 'n leë beker skink nie. Om na jouself te kyk, fisies en emosioneel, is nie selfsugtig nie, maar 'n noodsaaklike deel van goeie ouerskap. Ouers is geneig om die beste vir hulle kinders te wil hê en sal soms eerder tyd en geld aan hulle kinders afstaan, maar hulle moenie van hulself vergeet nie. Wanneer 'n ma haar eie behoeftes en menswees ignoreer om "perfek" te probeer wees, brand sy uit, wat haar vermoë om met geduld en liefde te reageer, belemmer.

**3. Fokus op konneksie bo korreksie en kamoeflering**

In plaas daarvan om te meet hoe die huis lyk of hoe skoon die kinders is, moet die maatstaf die kwaliteit van die verhouding wees. In plaas daarvan om daarop te fokus om die perfekte foto of video van my kind in die oombik vas te vang, moet die fokus wees om in die oomblik saam met my kind te wees. 'n Goeie ma is een wat teenwoordig is in die oomblik, wat luister en wat haar kind laat voel dat hulle gesien en geken word, ongeag die chaos van die alledaagse lewe en of dit enigsins goed gaan lyk op sosiale media of nie.

Hierdie maand vier ons die liefde wat lewens vorm – in al sy pragtige vorme en met al sy uitdagings. Gelukkige Moedersdag aan elke hart wat koester, versorg en met deernis lei. Mag elkeen ook aan hulself die seën toestaan wat hulle so ryklik uitleef.

## VLV Doen Decoupage



***VLV Piketberg bied 'n Kunste- en Handvlytgeleentheid aan op 9 April 2026, wat ook deur lede van Piketberg Tuinbouklub bygewoon is Op die foto's bo is Delina Fox, Sonja Wend en Marietjie Brits besig om, ná Sarie Louw, VLV-saamroeper, se decoupage demonstrasie, hulle gebruiksartikels, soos plastiese planthouers en/of houtplankies te decoupage. Dames bring vrugte en blomme uit hul tuin om uit te stal vir die VLVK-projek Tuin tot Tafel (foto onder). Baie dankie aan April se borge: PC Tech en Superspar Boland. 11 Junie: Gesondheidvergadering Piketberg Biblioteeksaal. Vir navrae kontak die voorsitter, Nicoline Brown 082 477 0665***







Dr Stephanie Strydom
Winelands Diabetes

info@winelandsdiabetes.co.za
www.winelandsdiabetes.co.za

021 863 0101
079 608 5747

Main Road 42A, Paarl
Hoofstr 24, Piketberg

Stik&Stoffeer

Christo: 083 399 7988
Linda: 083 501 3637
022 913 3326
oregonandmore@telkomsa.net

- Stoffering van banke en stoele
- Motorsitplekke
- Trekkersitplekke / Bakkiesitplekke
- Wye reeks stoffeer- en gordynmateriale om van te kies en bestel
- Restourasie van meubels
- Geskenke en Dekor
- Slyp van messe

Langstraat 59, Piketberg
**Reg oorkant AGRIMARK**

*~ Waar mooi maak en nuut maak nooit ophou nie! ~*

germinate

GROWING PEOPLE · GROWING FUTURES

## Kids Health: The Holistic Way

*Join Dr. Sanet R. Heymans for a transformative masterclass on healing from the inside out.*

**Topics:**

- *Gut Health & Immunity*
- *Brain Development*
- *Mood, Mental Health & Behaviour*
- *Obesity & Allergic Diseases*

**17 May | 10:00 - 17:00 | The Imaginarium**

*(Includes coffee, snacks, & nourishing lunch)*

**R850 per person**

**Limited Space - Book Now:**

*082 772 2627 | deidre@germinate.co.za*

## Piketberg Animal Care NPC



Die wenner van 2 nagte vir 2 in die luukse Blaauwberg Beach Hotel is Elsabe Heyns van Bellville. Dankie aan almal wat lootjies gekoop het en ons ondersteun in ons pogings om so veel as moontlik diere van behoeftige mense te steriliseer en te help met diere in nood.

Hiermee stel ook ons volgende lootjieverkope bekend. Sluitingsdatum 31 Mei 2026.

Ons is ten volle afhanklik van fondse wat ons self insamel.



**ENTER NOW**

**Every R50 donation = 1 raffle ticket**

**Piketberg Dieresorg NPC**
**Capitec, 470010**
**Savings Account: 1606488552**
**REF: HAMPER + your phone number**

2 x bottles Mountain Ridge Pinotage Rosé 2022
2 x bottles Mountain Ridge The Twins Chenin Blanc 2025
2 x bottles Mountain Ridge The Twins Cabernet Sauvignon 2021
Beautiful knitted scarf and beanie

Katinka Morrison: 082 829 6918
Sheila Bradnick: 072 424 7988 (English)

Follow Us Online
@PiketbergAnimalCareNPC

germinate

GROWING PEOPLE · GROWING FUTURES

## Food is Medicine: For health and Longivity

*Join Dr. Sanet R. Heymans for a transformative masterclass on healing from the inside out.*

**Learn to Master:**

- *Anti-inflammatory Eating*
- *Stress-reducing Herbs*
- *Gut Health & Immunity*
- *Budget-Friendly Nutrition*

**16 May | 10:00 - 17:00 | The Imaginarium**

*(Includes coffee, snacks, & nourishing lunch)*

**R850 per person**

**Limited Space - Book Now:**

*082 772 2627 | deidre@germinate.co.za*

## MEDIESE PRAKTISYNS

## Drs Smit & Morrison

Hoofstraat 60 Main Street
PIKETBERG
7320

☎ 022-913 1172
alle ure / all hours
🖷 022 913 1907

Besigheidsure / Business Hours
Ma - Vry 08:00 - 17:30 Mo - Fri
Sat 08:00 - 13:00






## ON ARRIVAL

Glass of White or Red or Non-Alcoholic Wine Each.
Focaccia Bread Served With Chilies in Olive Oil, Crushed Garlic in Olive Oil and Parmesan Cheese.

## STARTER

Choose Any 2 Starters
Wings, Springbok Carpaccio, Crunch Roll.

## MAINS - SHARING PLATTER

100g Steak, 200g Ribs, 150g Chicken Fillet,100g Pork Fillet

**OR**

3 Grilled Rack of Lamb Chops and 150g Chicken Fillet

**OR**

200g Steak and Trio Pizza

***Sharing platter served with any 2 sides***

## DESSERT

Sharing Plate with
Baked Cheese Cake, Brownie with Ice Cream or Cream.

## R495 per couple

The OUTPOST
FAMILY RESTAURANT

Winkelshoek Centre Piketberg
064 5599 017

*Laugh, connect and experience true hospitality.*

## Forbes Karate Rittle in Saldanha




Karatekas van **Forbes Karate Academy Piketberg**, wat aan die Rittle Kampioenskappe te Saldanha deelgeneem het, het uitstekende uitslae behaal. Op die saaamgestelde foto bo is die deelnemers:
**Jandré van Zyl** Gr 4 PHS: Kata Brons, Kumite Brons, Team Kata Goud; **Annabelle van Zyl** Gr 4 PHS: Kata Silwer, Kumite Brons, Team Kata Goud; **Josh Forbes** Gr 7 PHS: Kata Silwer, Kumite Goud; **Matthew Lesch** Gr 9 PHS: Kata Goud, Basic Kumite Goud, Free Fighting Goud; **Anchen Abrahams** Gr 9 PHS: Kata Goud, Basic Kumite Goud; **Cleo Forbes** Gr 11 PHS: Kata Goud, Basic Kumite Goud, Free Fighting Kumite Silver, Weapons Brons, Team Kata Goud; **Tim Solomon** Gr 12 HSP: Kata Brons, Basic Kumite Silwer, Free Fighting Kumite Goud, Team Kata Goud; **Nicholas Gerstner** Gr 4 HSP: Team Kata Goud, Kumite Goud, Kata Goud.
**Adults**: **Jana Burger:** Kata Silwer, Basic Kumite Silwer; **John Simbire:** Kata Brons, Basic Kumite Goud; **Aiden Pienaar:** Kata Brons, Basic Kumite Goud; **Jacques Strydom:** Kata Gold, Basic Kumite Silwer; **Ruan Veldaman:** Kata Silwer, Basic Kumite Goud; **Zihaad Hellenberg**: Kata Goud, Team Kata Gold.

## Piketberg Fisioterapie Groei



**Thea de Waal** sluit in Meimaand aan by Petro de Villiers se Fisioterapiepraktyk in Voortrekkerstraat, Piketberg. *Die Piketberger* het meer gaan uitvind oor Thea. Thea is 'n trots gebore Paarliet, waar sy, omring deur berge en wingerd, grootgeword en skoolgegaan het. Sy voltooi haar skoolloopbaan aan Hoër Meisieskool Paarl. Sy studeer aan die Universiteit van die Wes-Kaap en doen haar gemeenskapsdiensjaar in die hitte van Upington. Hier leer sy wat dit beteken om werklik met min tevrede te wees. Sy bedien die omliggende klinieke en doen waardevolle ervaring op, wat haar vorm, nie net as 'n fisioterapeut nie, maar ook as mens. Sy keer terug na haar tuisdorp, Paarl, waar sy vir twee jaar in 'n binne- en buitepasiëntpraktyk werk, wat haar kennis en vaardighede verder verryk. Thea heg diep waarde aan die eenvoudige, maar kosbare dinge in die lewe: tyd saam met haar geliefdes, kos maak en lekker eet, die geselskap van diere, en om aktief te bly. Op 25 Oktober 2025 trou sy met haar beste vriend op Piket-Bo-Berg.
Sy sien uit om haar wortels te vestig in die klein, maar lieflike dorp, Piketberg, en om deel te word van hierdie hegte gemeenskap.
*(Sien Piketberg Physiotherapy se advertensie hieronder.)*

PIKETBERG PHYSIOTHERAPY
PETRO DE VILLIERS
*Physiotherapist*
BSc Physio (Stell) PR: 7229690
083-288-2888
petro.dvl14@gmail.com
1926 Building, corner of Church and Voortrekker Street, Piketberg

**Die volgende *Piketberger* verskyn op 4 Junie 2026.**
**Sperdatum is 26 Mei 2026.**

**piketberg mediese sentrum**

**Tel: 022 913 1146**
**Praktyk kontaknr tydens beurtkrag: 064 0710 395**

Ma - Vry: 08h00 - 17h30
Sat: 08h00 - 13h00

Dr Pieter Bruwer (Spesialis Huisarts)
Dr Sam Scheepers (Algemene Praktisyn)
Dr Bibi Werle (Sonar)
Ilse Bruwer (Spraakterapeut)
Merina de Waal (Dieetkundige)



Dup Meubels
Vir kwaliteit wat hou!
DEFY
PROMOSIE
Betroubare gehalte.
Gemaak vir die lewe.
Top gehalte. Top waarde.
DEFY DOEN DIT!
KRY 'N GRATIS KETEL
(by aankoop van enige Defy toestel uit hierdie reeks)
BO LAAIER
• Groot kapasiteit
• Veelvuldige wasprogramme
• Duursaam & doeltreffend
VOOR LAAIER
• Energie-doeltreffend
• Stil & kragtig
• Sorgsaam met klere
SKOTTELGOEDWASSER
• Verskeie wasprogramme
• Water & energie besparend
• Skitterende skoon resultate
TUIMELDROËR
• Groot kapasiteit
• Sensor droogte
• Sagter vir klere
R150 AF OP AFLEWERING!*
Vinnig, veilig en bekostigbaar in Piketberg en omgewing.
R150 AF!
*Aanbod geldig vir 'n beperkte tyd.
Terme en voorwaardes geld.
Jou eenstop meubel handelaar!
Ons bied persoonlike diens teen die beste pryse.
Ons bied ook uitstekende naverkoopsdiens.
'n Wye verskeidenheid van handelsmerke.
Hou ons Facebook blad dop vir daaglikse aanbiedinge!
DEFY
SAMSUNG
Hisense
LG
Whirlpool
BOSCH
Electrolux
AEG
KIC
Serta
RESTONIC
Dup Meubels
Diens met 'n glimlag!
43 Voortrekkerstraat, Piketberg
Tel: 022 913 1251 / 1307

## Bergrivier Dental ondersteun PHS



***Bergrivier Dental, saam met TDP, is die trotse borg van PHS se netbalskeidsregters se hempies. Saam met die skoolhoof en skeidsregters, is dr Saskia Smalberger, links agter, dr Jasper Müller, regs voor en regs agter is Salmond van Huyssteen van TDP. Bergrivier Dental ondersteun die eerstespan krieket en borg hul keppies. Bergrivier Dental se naam is ook te sien op die Laerskool Tennisspan se klere, agter wie hulle vir die tweede jaar bankvas staan.***


**Radie Kotze Hospitaal**
**Nuwe kontaknommer: 022 913 1013**



## Piketberg Animal Care NPC

**Advertensie beborg deur Sam en Berenice Scheepers**

Die laaste Saterdag van elke maand het ons 'n stalletjie by Piketberg Bo-Berg-Mark.

Die eerste Saterdag van elke maand is ons by Nieuwedrift mark.

Besoek ons en ontmoet ons geredde diere, gereed vir aanneming. Kom kyk na pragtige serpe en ander artikels te koop.

Fun day out for families, dog-friendly, local stalls, good food.









**Donasies:**

**Piketberg Animal Care NPC**
**Bank: Nedbank Ltd**
**Account: 131 809 7975**
**Branch Code: 198765**

Katinka Morrison: 082 829 6918
Sheila Bradnick: 072 424 7988 (English)

Follow Us Online
@PiketbergAnimalCareNPC


# Piketberg Aurora wedLOOP

## 26 April 2026

*Annatjie Kotzé skryf…* **Daar is net een eerste keer**

Hallo Piketbergers, dis weer ek en ek is nog steeds nie 'n verslaggewer nie. Dankie klink nou te min. Ek gaan nie veel vertel nie, ek sal die hele storie op die Piketberg Aurora Stap en Draf fb-bladsy vertel en al die foto's daar plaas. Die eerste Piketberg Aurora wedLOOP het Sondag 26 April 2026 plaasgevind. En ja, dis die eerste een en nie die laaste een nie. Daar was net 28 inskrywings, waarvan een agv 'n besering moes onttrek, een atleet het Sondagoggend 'n krisis gehad wat hom verhoed het om deel te neem, maar hy was by die eindpunt op Aurora. Een het gekanselleer, dus het 25 atlete Sondagoggend op Piketberg weggesrping en net een van hulle het nie die hele 48km voltooi nie. Die res het almal klaar gemaak. Die **wenner, Nyenyana Zwane**, het al drie keer die Comrades Maraton voltooi, elke keer in die silwer medalje kategorie. Sy beste tyd vir die Comrades Maraton is 7ure. Die Piketberg Aurora wedLOOP voltooi hy in 3uur 33min 40sek. Op Aurora hardloop hy verby die eindpunt en ek moes rieme neerlê om hom te stop, waar hy reeds om die kerk was, goed oppad terug na Piketberg. Die **eerste dame** oor die eindstreep, is **Sandra Case** met 'n tyd van 4uur 35min 58sek. Die laaste 15 atlete wat die wedloop voltooi het, het in gietende reën, druipnat op Aurora aangekom. Toe dit begin reën het ek vir Joos, die jongman met die noodvoertuig, gevra om na al die atlete wat nog op die pad was, te ry en te vra of hulle wil ophou, maar niemand wou ophou nie. Almal het deurgedruk. Die name van ons plaaslike atlete is **Kenneth Smit,** wat in die **derdeplek** klaar gemaak het met 'n tyd van 4uur 55min 51sek. Ander atlete van Piketberg was **Leon Visser, Gerrit Smit, Jolandi Hanekom en Leoni Kotzé (vroeër van Piketberg).** Atlete van Aurora was **Adam Kotzé, Kyla van Heerden, Gene-Maré Kotzé en Isak en Monique Coetzee.** Soos ek aan die begin gesê het, daar is net een eerste keer. By die eerste Comrades maraton in 1921, was daar 48 inskrywings, slegs mans. 34 het weggespring en net 16 maak klaar. Die Comrades maraton is vanjaar 105 jaar oud en ek dink die organiseerders het opgehou telling hou van die inskrywings, want daar is net te veel. Oor 'n 100 jaar, wanneer die Piketberg Aurora wedLOOP so groot is soos die Comrades en daar 'n hele span is wat die hele jaar lank werk om die geleentheid te organiseer, gaan die mense terug kyk in die annale en die foto sien van 25 atlete wat die eerste keer op 26 April 2026 op Piketberg weggespring het, 24 atlete wat op Aurora klaar gemaak het en 24 name en hulle tye. Dankie aan my Hemelse Vader dat hy 25 atlete gestuur het om 'n droom in 'n realiteit te omskep. Dankie, dankie, dankie!



***Die 25 atlete van die eerste Piketberg Aurora wedLOOP op 26 April 2026.***


COMING SOON!
PET STOREY®
PIQUETBERG
JUNE 2026


vida
e caffè
PIQUETBERG MALL
OPENING SOON
JUNE 2026
GET READY FOR GOOD VIBES
& GREAT COFFEE!